

Hoofstuk van die dag: Matteus 27

> *Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang. (vers 5)*

Judas is ’n verskriklike waarskuwing aan ons elkeen. Judas het immers tot Jesus se dissipelkring behoort, hy was een van sy

vertrouelinge. En tog het hy verlore gegaan, omdat hy nie aan die Here Jesus vasgehou het nie, omdat hy sy eie pad wou loop en die Here nie regtig gevolg het nie. Hy wou eerder dat die Here maak soos hý wou hê.
Hierin lê ’n waarskuwing vir ons elkeen. Die feit dat jy gedoop is, die feit dat jy lidmaat van die kerk is, dié feit alleen is nog nie genoeg nie – jy moet die Here volg. Jy is nie jou eie baas nie. Jesus is Koning van jou lewe.
Judas was spyt oor sy sonde (vers 3), maar hy draai nie met sy skuld na die Here nie. Sy sonde dryf hom tot selfmoord. Dis wat sonde aan ’n mens doen.
Judas moes met sy skuld na Christus gevlug het. Dis wat Petrus gedoen het (Joh 21:15ev). Kom ons doen dit opnuut vandag. Sy bloed reinig ook vir jóú van elke sonde (1 Joh 1:9).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026